HALLO. HOOGLAND

Geloof deur liefde tot dade

1 November 2026



041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za | 079 815 9325



Welkom by die Hoogland-geloofsfamilie!

As jy vandag vir die eerste keer by Hoogland kuier of as nuwe lidmaat aansluit, is dit lekker om jou en jou gesin hier te verwelkom.

Mag jy vandag iets van God se liefde en die warmte van hiérdié geloofsfamilie beleef.

Kom drink gerus ná afloop van die erediens 'n koppie koffie en maak seker jy stop by die dame by die info@PEHoogland-tafel in die voorportaal. Sy sien daarna uit om jou te ontmoet en sal met graagte help dat jy sommer gou tuis voel.

Vir meer inligting kan jy www.pehoogland.co.za besoek, 'n *WhatsApp* stuur na 079 815 9325 en die Kerkkantoor sal jou kontak en neem asseblief 'n "*Nuwe Intrekkers*"-koevert in die brosjurevakkies.

Program van die dag

09:00 Oggenddiens - Doop : Ds Pieter Nel

Hoogland het vanoggend die voorreg om 3 babas te doop :

- Dewet Fivaz, seuntjie van Amoray & Monré
- MC Botha, seuntjie van Lukas & Elsabe
- Hailey de Beer, dogtertjie van Kobus & Chantel

10:00 GVG in hulle onderskeie lokale

Deurkollekte:
(Spesiale Kollekte - Eluthandweni)

Algemeen

Program vir die week:

Dinsdag: 3 November
09:30 Bybelstudie in die Voorhuis
11:00 Gebedsaksie in die Kapel
18:00 Bybelstudie in die Voorhuis

Woensdag: 4 November
STEMDAG

Vrydag: 6 November
05:15 Mannebedienning

Saterdag, 7 November
10:00 Dorings & Daisies (Afsluiting)

Snap here to pay
SnapScan

Bankbesonderhede
NG Kerk PE Hoogland
ABSA
Rek - 1400 149 980
Takkode - 632005

Zapper

Gebedsversoeke kan hoogs vertroulik per *WhatsApp* gestuur word na 079 815 9325.

Matrieks - Hoogland hou duime vas en tree die week in vir : Fisiese Wetenskap (Chemie) en Verbruikerstudie.

Verwelkoming van ons nuwe Kerkraadslede

Tydens die Kerkraadsvergadering van 27 Oktober is die volgende lidmate verkies:

Ouderlinge: Jacques van Niekerk, Wynand Breytenbach en Ezelle van Staden.
Diakens: Juan Kampmann, Margy Karsten en Wynand Human.
Voorsitter: Jacques van Niekerk
Onder Voorsitter: Richard Moore

As geloofsfamilie verwelkom ons julle hartlik en bid ons vir Goddelike leiding en wysheid. Mag julle besluite altyd God se wil weerspieël en mag julle geloof deur liefde tot dade laat oorgaan.



Gemeentepiekniek | Dis tyd vir lekker saamkuier!

Sondag 8 November om 10:00 | Direk ná die oggenddiens

Dit is weer Piekniektyd! Stof solank daardie piekniekmandjie af, bring jou kombers en kom geniet 'n heerlike oggend saam. Daar wag ook iets lekkers vir die kinders om te geniet!

R80 per pizza | Dun basis of tradisionele basis

- **Pepperoni:** Tamatiebasis, pepperoni en mozzarellakaas.
- **BBQ Chicken:** BBQ-sous, hoender en mozzarellakaas.
- **Vegetarian:** Tamatiebasis, groenrissie, uie, tamatieblokkies en mozzarellakaas.
- **Ham & Pine:** Tamatiebasis, ham, pynappel en mozzarellakaas.
- **Regina:** Tamatiebasis, sampioene, ham en mozzarellakaas.
- **Triple Cheese:** Tamatiebasis, cheddar- en mozzarellakaas.

Bestel jou pizza sommer AANLYN voor Dinsdag 3 November om 12:00! Kry die skakel by die kerkkantoor of stuur 'n WhatsApp na **079 815 9325** met **PIZZA + jou naam en van**. Die kantoor stuur dan die bestelskakel.

Kom kuier, kom lag en geniet net weer die lekkerte van geloofsfamilie-wees!

12 Maande | 12 Borge | Een Geloofsfamilie

R1 000 vir 1 maand se borgskap – 12 maande se blootstelling!



Hoogland bied besighede die geleentheid om 'n maand in die 2027 Jaarprogram te borg. Met net R1 000 help jy om die drukkoste laag te hou, terwyl jou besigheid se advertensie en kontakbesonderhede die hele jaar onder die oë van die hele Hoogland-geloofsfamilie bly!

Hoe werk dit?

- Kies die maand wat jy graag wil borg *(first come, first served)*
- Kontak Annalize in die kerkkantoor om jou maand te bespreek.
- Stuur jou logo of advertensie in hoë resolusie na annalize@pehoogland.co.za.
- Stuur jou bewys van betaling aan finansies@pehoogland.co.za.

Baie dankie aan die besighede wat al 'n maand gekies het om te borg!

600 Eksemklare word gedruk.



Hoogland Fondsinsamelings ...

KRISMIS-MUSIEK-BINGO! DAGBOEK DIE DATUM!

Die volgende lekker saamkuier geleentheid is Hoogland se eie **Krismis-Musiek-Bingo-aand!** 'n Aand vol Kersmusiek, lekker lag en hope pret! Moenie wag nie – kry solank 7 van jou beste vriende of slimste kollegas of sommer jou skoonfamilie!) bymekaar en bespreek julle tafel by die kerkkantoor.

Vrydag, 20 November om 18:00 vir 18:30

R250 per persoon – sluit sap, peuselhappies en 3 Bingo-kaarte in.

Help sommer ook om die woord te versprei! Nooi jou vriende, familie en kollegas en kom maak hierdie aand saam 'n groot sukses!

Dis nog nie al nie! Daar word ook reeds gewerk aan Hoogland se opwindende **Digitale Handelsblad**, waar besighede en enigeen wat iets wil adverteer, die geleentheid sal kry om dit te doen. **Stel gerus nou reeds jou belangstelling by die kerkkantoor bekend en laat weet vir Annalize of gesels met Heinrich Karsten.**

BAIE DANKIE aan die Fondsinsamelingskomitee vir die entoesiasme, kreatiwiteit en harde werk waarmee elke projek aangepak word!

Wil jy graag deel wees van die Fondsinsamelingskomitee?

Daar is altyd plek vir nog hande, vars idees en mense wat graag wil saamwerk!

Gesels sommer hierdie week met **Heinrich Karstens** of **Annalize by die kerkkantoor** en kom raak betrokke.

By Hoogland gaan fondsinsameling immers oor soveel meer as net geld – dis ook oor saamwees, saamwerk en geloofsfamilie wees!


THE GLOBAL LEADERSHIP
SUMMIT 2026
Maak tyd om te groei.
Met onder andere
Craig Groeschel
Vanessa Van Edwards
Videosessies met internasiionale sprekers
12 NOVEMBER
@Hoogland • 08:30–15:00
R200
Eerste 20 plekke
Daarna R450
R250 subsidie deur Hoogland vir die eerste 20 plekke
Bespreek via WhatsApp
079 815 9325


KERSSANGDIENS
VENSTERS
WANNEER DIE LIG INKOM
Het u ou vensterrame wat u nie meer gebruik nie?
Ons sal dit baie waardeer as u dit
kan skenk of ♡ vir ons kan leen
Ons wil dit graag gebruik as deel van die dekor vir ons Kerssangdiens.
15 November 2026
18:30 @ Hoogland

PE HOOGLAND

KERSFEES BINGO

BINGO-AAND

met Kersfees Liedjies





- **8 MENSE PER TAFEL**
- **ELKEEN KRY 3 BINGO-KAARTE INGESLUIT**
- **VINGER-EETGOED EN 'N GLAS VRUGTESAP INGESLUIT**
- **EKSTRA DINKGOED TE KOOP**
- **EKSTRA BINGO-KAARTE BESKIKBAAR**

VRYDAG, 20 NOVEMBER | **18:00** | **HOOGLAND SAAL**

R250 PER PERSOON

Kom geniet 'n gesellige aand vol Kersfees-musiek, bingo en kuier!

Uit die Hart!

"Ek sal nog daarby uitkom."

Ek sê dit ook. Oor die boek wat ek wil lees, die oefening waarmee ek wil begin of iets wat ek al lank wil uitsorteer. Daar is altyd 'n rede waarom dit nog 'n bietjie kan wag. Soms is daardie rede geldig. Die dag is vol en daar is dinge wat eenvoudig gedoen moet word. Maar soms skuif dieselfde voorneme van een week na die volgende, terwyl ander dinge sonder moeite ons tyd kry. November word Desember en Desember word Januarie en voor jy jou kon kry, is nog 'n jaar verby.

Of ons nou werk, studeer, werk soek of afgetree is, ons dae kry maklik 'n vaste patroon. Party gewoontes help ons. Ander neem meer tyd in beslag as wat ons besef. En die dinge wat ons graag wil doen, gebeur selde net omdat daar iewers 'n oop uur is.

Prediker praat oor 'n tyd om te plant en 'n tyd om uit te trek, 'n tyd om stil te bly en 'n tyd om te praat. Verskillende dinge vra op verskillende tye ons aandag. Wat het op die oomblik jou aandag nodig?

Dalk moet jy iets afhandel wat al weke lank bly lê. Dalk moet jy 'n verantwoordelikheid neerlê wat iemand anders kan oorneem. Of dalk is dit tyd om weer iets te doen wat jy geniet, sonder om skuldig te voel omdat jy nie besig is met iets "nuttigs" nie. Prediker herinner ons ook dat om die goeie van ons werk en gewone lewe te geniet, 'n gawe van God is.

Kies hierdie week een ding waarby jy graag wil uitkom. Maak dit klein genoeg om te kan doen en besluit wanneer jy dit gaan doen. As iets anders daarvoor moet plek maak, kies dit ook.

"You will never find time for anything. If you want time, you must make it."

— Charles Buxton, Notes of Thought

Pieter